

## 23 Augustus

## Nehemia 1

### ***Bid!***

Nehemia het gehoor dat die gelowiges in Judea swaarkry omdat die muur om Jerusalem nog nie herbou was nie. 'n Mens sou kon verwag dat Nehemia sou sê: Dis baie hartseer, maar in die lig van die omstandighede is daar nou nie eintlik veel wat ek kan doen nie. Buitendien, ek het 'n hoë posisie, ek lewe gerieflik, dit is nou nie eintlik my saak wat met die arme drommels in Jerusalem gebeur nie.

Of hy kon dadelik die lang reis aangepak het om so gou as moontlik iets aan die saak te gaan doen. Maar hy doen nie een van die twee nie. Nee, wat doen hy? Hy begin bid. Ja, dis waar hy begin: Hy roep die almagtige God van hemel en aarde, die troue Verbondsgod se Naam aan. Dit is waar 'n mens moet begin as die probleme wat voor jou lê onoorkomelik lyk. Bid, bid en nogmaals bid.

Wat bid Nehemia? Hy maak aanspraak op God se almag. God se trou aan sy verbond met sy volk en God se liefde vir sy kinders.

Ons vergeet dit so maklik wanneer ons voor geweldige probleme te staan kom: Ons dien 'n almagtige God vir wie niks onmoontlik is nie; ons dien 'n troue God wat 'n ewige verbond met ons het; ons dien 'n God wat vir ons so lief is dat Hy sy eie Seun oorgegee het aan die dood, sodat ons kan lewe. Deur die gawe van die gebed het ons toegang tot hierdie God, ons Vader deur Jesus Christus. Onthou dit wanneer u berge moet versit en nie weet hoe u dit gaan regkry nie.

Sing: Psalm 86:1

Ds. H.P.M, van Rhyn (Wilropark)